



Potchefstroomse Universiteit
vir Christelike Hoër Onderwys

**WETENSKAPLIKE BYDRAES
REEKS H: INOUGURELE REDE NR. 171**

**MENSEREGTE: TOE (1970) EN NOU (2002)
MISDAAD - DIE EUWEL VAN ONS TYD**

Prof L Wessels

Inougurele rede gehou op 1 Maart 2002

**Publikasiebeheerkomitee
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
Potchefstroom
2520**

Die Universiteit is nie vir menings in die publikasie aanspreeklik nie.

Navrae in verband met *Wetenskaplike Bydraes* moet gerig word aan:

Die Publikasiebeheerkomitee
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
2520 POTCHEFSTROOM

Kopiereg © 2002 PU vir CHO

ISBN 1-86822-416-3

Menseregte: Toe (1970) en Nou (2002) Misdad – die ewel van ons tyd

1. Inleiding

Geagte Meneer die Rektor, Meneer die Dekaan,

U verteenwoordig prosesse wat meegebring het dat ek hierdie rede vanaand lewer. Ek is diep onder die indruk van die eer wat die Regsfakulteit en die Universiteit my aandoen. Die verantwoordelikheid spreek ook tot my. Vergun my 'n persoonlike woord aan u Dr Eloff en Professor Venter. Ek is geslyp deur elkeen van u asook die wêreld wat u verteenwoordig en verteenwoordig het. Soms was hierdie wêreld op afsonderlike wentelbane, soms parallel en soms het hulle oorvleuel. My vriendskap met beide van u het meegebring dat ek deurgaans die begunstigde was van al die ervarings waaraan u blootgestel was.

Met die voordeel van terugskouing, dink ek dat Charles Dickens plek-plek sommige van hierdie ervarings raak beskryf het.¹

It was the best of times. it was the worst of times. it was the age of wisdom. it was the age of foolishness. it was the epoch of belief. it was the epoch of incredulity. it was the season of Light. it was the season of Darkness. it was the spring of hope. it was the winter of despair. we had everything before us. we had nothing before us. we were all going direct to Heaven. we were all going the other way.

Baie dankie aan vriende en familie wat ook hierdie avontuur saam met my aandurf. U volgehoue belangstelling en ondersteuning is my kosbaar.

Tydens ons sorgvrye dae op Potch, het Tersia en ek nooit die latere vaartversnellings voorsien nie. Tersia, Erika en Willem se inspirasie was fenomenaal – *pereunt et imputantur* – die ure wat gemeet is, was nie tevergeefs nie en is opgeteken.

Professor George Barrie verdien spesiale vermelding. Tydens talle lewenservaringe was hy altyd bereid om die eerste en laaste myl saam aan te durf. Sy geduld en bystand, eers as my LL M dosent en later as my LL D promotor was onontbeerlik.

Dr Danny Titus het deur sy proefskrif met my gepraat lank voordat ons ontmoet het. Daardie papier-ontmoeting sou op talle verrassende maniere verder gevoer word. Vanaand is die naaste wat ek aan die romantiek en inspirasie van die voorrede in die dekblad van daardie proefskrif kom;²

... ter verkryging van de graad van Doctor aan de Rijksuniversiteit te Leiden. op gezag van de Rector Magnificus Dr. L. Leertouwer. hoogleeraar in de faculteit der Godgeleerdheid. volgens besluit van het college van dekanen te verdedigen op dinsdag 15 juni 1993 te klokke 16.15 uur.

Niate Pityana, pelo yaka e itumelela go go bona mo Potchefstroom. The idea that black consciousness, as espoused through the South African Students Organisation (SASO) and Afrikaner nationalism, as espoused through the Afrikaanse Studentebond (ASB) of the seventies meet today in Potchefstroom and profess loyalty to one nation, one country and one constitution, gives me joy beyond expectation. To me your presence is significant, not only because of the extraordinary times I have enjoyed in your company, but also because you starkly remind me of the tragic deaths of our contemporaries Steve Biko and Abraham Tiro.

Dames en here, baie dankie vir u teenwoordigheid. Ek vermoed dat u 'n passiewe gehoor gaan wees – dit vind ek nogal intimiderend. My ganse beroepslewe het ek met aktiewe gehore gewerk – parlamentslede en regters skroom nie om hul gevoelens sigbaar en hoorbaar te maak nie. Hierdie ongevraagde deelname is nie altyd ontwrigtend nie, soms dra dit by tot die vermaak en selfs die verryking van die redevoering. Vanaand is ek klaarblyklik op my eie.

Ek dra hierdie rede op aan al my PUK leermeesters – in my hart is daar plek vir elkeen. Dit was nie soseer die formele onderrig nie maar die gemaklike kontak en gedagte-wisseling wat my gevorm het. Die tekortkominge in my beroepslewe is my eie, die vreugdes en pieke deel ek graag met hulle.

Willem Scott se leë stoel praat met my. Sy spontane glimlag, eers met die voltooiing van my LL D en later met my aanstelling as ereprofessor sal ek altyd koester.

Ek parafraseer Lord Halifax: "Opvoeding is dit wat bly nadat 'n mens vergeet het wat jy op die PUK geleer het".³

2. Menseregte: Toe (1970) en Nou (2002); Misdad – die euwel van ons tyd.

Toe is die tydperk wat ek kontak gemaak het met die Staatsreg en Administratiefreg. Volkereg is nie destyds hier aangebied nie en menseregte, soos ons dit nou ken, was nie op die spyskaart nie. Ek wil nie die toe of die nou verheerlik of verkleineer nie. Wil bloot reflekteer soos ek dit sien en beleef het. Ek was deel van die toe en reik nou uit na die toekoms.

Søren Kierkegaard is reg: "Die lewe moet vorentoe geleef en agtertoe verstaan word".⁴

Ek wil so bondig as moontlik, soms tong in die kies, enkele punte van verskil uitwys.

2.1 Daar was toe 231 voorgraadse regstudente en dit het 'n student R130-00 gekos om regte te studeer. Nou is daar 417 LL B studente en dit kos 'n student R10245-00. Destyds was regstudente oorwegend Afrikaans en manlik – die profiel verander steeds.

2.2 Op geen terrein was die breuk met die verlede so dramaties as op die terrein van die publiekreg nie. Die boeke op die student en praktisyn se rak vertel die verhaal. Wiechers en Dicey is al wat ons geken het. Die tweede uitgawe van *Staatsreg* deur Verloren van Themaat en Wiechers⁵ het R12-75 gekos. Die tiende uitgawe van *An Introduction to the Study of the Law of the Constitution* deur Dicey⁶ het R5-65 (2 pond en 50 pennies) gekos. Vandag kos die gemiddelde boek, oor 'n onderafdeling van die Staatsreg R200-00. Daar is vandag 'n verskeidenheid boeke om van te kies en te keur – te veel om op te noem.

2.3 Destyds kon seniors met bulderende stem vra "wie is ek?" Onkundiges, afvalliges en hardhorendes kon in die naam van "spangees" en "goeie orde" vasgevat word. Nou vaak grondwetlike artikels wat gelykheid,⁷ menswaardigheid,⁸ vryheid en sekerheid van die persoon reël⁹ oor eerstejaars.

2.4 Professor Hennie Bingle het my destyds geleer dat 'n Calvinis hoekig en kantig is – soos 'n bouklip. 'n Calvinis konformeer nooit, hy breek, maar word nooit rond soos 'n rivierklip nie. Destyds het ek saamgestem, maar nadat die riviere van die lewe oor my geloop het en ek die beperkingsbepaling¹⁰ in die Grondwet onder oë gehad het dink ek anders.

'n Rivierklip bly steeds 'n klip met groot aanwendingsmoontlikhede. 'n Calvinis, geslyp en gevorm deur tyd en omstandighede bly steeds 'n Calvinis en het belangrike rolle om te speel. Regte kan beperk word maar in wese moet die kern van die reg behoue bly.¹¹ Indien die reg so beperk word dat die kern vernietig word is dit nie beperking van die reg nie maar opskorting of selfs miskenning van daardie reg.¹²

Dit is 'n opwindende uitdaging om in 'n nuwe omgewing steeds te wees wat jy is.

2.5 In die middel tagtigerjare moes ek 'n politieke vergadering in die Oos-kaap toespreek. Agter in die saal is daar 'n vraesteller: "Mnr Wessels, my naam is Frik van Zyl. In die verlede het ek dikwels die geleentheid gehad om aan u vrae te stel. Soms het u die vrae goed beantwoord en soms nie. Kom ons kyk hoe vaar u vanaand. Kan u vir ons vertel hoe die Suid Afrikaanse grondwet in die jaar 2000 gaan lyk?" Nadat ek lank gespartel het, antwoord Professor van Zyl; "Soos dikwels in die verlede mnr Wessels, ietwat vaag."

Deesdae word daar nie meer te ernstig getwis oor die grondwetlike strukture en waardes onderliggend tot die Grondwet nie. Die woorde vervat in die Grondwet is vatbaar vir interpretasie en verfyning tydens toepassing, maar die grondwetlike pilare staan.¹³ Die instandhoudings- en poleringstaak is waartoe ons nou geroep word.

3. Menseregte uitdagings om NOU aan te durf

3.1 'n Suid-Afrikaanse Perspektief

Baie Suid-Afrikaners staan steeds vreemd teenoor die idee van menseregte. Jare se vyandigheid word nie maklik uitgewis nie. Dit was immers 'n "... vyandige en volksvreemde saak wat alleen op ons ondergang gemik is. Ons was ook nie altyd so oortuig daarvan dat dit werklik met ons geloofsoortuiging te rym is nie".¹⁴

Toe die Universele Deklarasie van Menseregte in 1948 aanvaar is, was menseregte vir sommige iets wat die "kommuniste gepropageer het om Suid Afrika se stabiliteit te ondermyn". Ironies was Rusland en Suid-Afrika in mekaar se geselskap toe die Universele Deklarasie van Menseregte in 1948 aanvaar is. Suid-Afrika en Rusland het saam met 6 ander state buite stemming gebly.¹⁵ Die daaropvolgende verloop van die menseregtedebat het ons koud gelaat. Ons rol is gereduseer tot dié van onverskillige toeskouer.

Tydens die onderhandelings by Kemptonpark het die idee van selfbeskikking vir Afrikaners as 'n universele mensereg en gepaardgaande groepregte kort-kort na die oppervalk gekom. Diegene wat dit toe opgeëis het, het dit dan gedoen sonder enige belangstelling in enige van die ander regte. Die passie en toewyding hieraan was dikwels asof geen ander regte bestaan het nie. Aan die ander kant van die menseregtedebat is die entoesiasme vir sosio-ekonomiese regte en/of die gelykheidsbepaling in die Grondwet duidelik sigbaar. Dit geskied dikwels asof dit die enigste regte in die Grondwet is. Slagoffers van misdaad veroordeel die Handves van Regte asof die reg op lewe, waarvolgens die doodstraf as 'n vorm van straftoemeting verbied word,¹⁶ die enigste bepaling in die Grondwet is en dat alles sal regkom indien hierdie artikel gewysig word.

Die antwoord lê opgesluit in die grondwetlike opdrag van Kemptonpark – die Grondwet moes gebou word op die hoeksteen "dat almal alle universeel erkende fundamentele regte, vryhede en burgerregte moet geniet".¹⁷ Dit handel dus oor veel meer as 'n persoon se individuele gunstelingregte, dit gaan om "alle universeel erkende menseregte", ook daardie regte wat nie altyd in jou guns werk nie.

Suid-Afrikaners is vinnig om regte op te eis wanneer hulle die begunstigdes van regte is, 'maar baie traag wanneer die regte van ander gerespekteer moet word. Regeringsamptenare, met onkreukbare geloofsbriewe uit die era van politieke stryd wriemel wanneer hulle respondente is tydens menseregte ondersoeke. Hul wandelgangkommentaar is dikwels: "Ons is menseregte aktiviste en sal nooit die regte van ander misken nie". Tog is hulle uiters huiwerig om hul optredes deur objektiewe buitestaanders te laat toets. Nuwe bekeerlinge argumenteer weer: "Ons is mos nou almal demokrate en almal is geregtig op hulle regte". Dit doen hulle egter met slegs hul gunstelingregte in gedagte. Om net polities populêre standpunte te propageer staan nie in diens van die volheid van menseregte nie.

Anthony D'Amato is reg:

The most difficult issues in the enforcement of human rights are not issues of law, but of politics – and ultimately, of morality.¹⁸

Die vier dekades wat Suid Afrika weggestaan het van die internasionale menseregte-debat, is met moeite gebou aan die regte. Internasionale konvensies stel nou standaarde vir regerings op 'n verskeidenheid terreine: politieke en burgerregte, sosio-ekonomiese en kulturele regte, die uitwissing van diskriminasie tussen rasse en teenoor vroue, die beskerming van kinders asook die voorkoming van marteling en die toepassing van onmenswaardige strawwe tydens misdaadoortredings.¹⁹ Die oneffektiewe internasionale monitering van hierdie standaarde doen nie afbreek aan die feit dat hierdie standaarde bestaan en dat verontagsaming daarvan veroordeel moet word nie.²⁰

Die vraag of die menseregte-debat in Suid Afrika 'n versadigingspunt bereik het, kan met oortuiging negatief beantwoord word. Solank as wat daar mense is wat 'n stryd voer om vel en been bymekaar te hou, vars water te bekom, gepaste skuiling teen wind en weer te vind, sal sosio-ekonomiese regte en menswaardigheidsbepalings hoë prioriteit geniet.²¹ Dit laat nie die relevansie van taal-, kultuur- en godsdienstrege of enige van die ander regte in die niet verdwyn nie. Objektiewe tribunale moet op meriete, sonder tierlantyntjies en in samehang na elke saak kyk. Skeptici moet besef

dat daar nie 'n hiërargie van regte is nie maar dat alle regte in ewewig en in konteks met mekaar staan. Die Suid-Afrikaanse konteks is duidelik – daar is 'n behoefte aan menswaardigheid en die bereiking van gelykheid in 'n omgewing waar die sosio-ekonomiese nood hoog is. Die Handves van Regte word toegepas in 'n komplekse samelewing met 'n verskeidenheid oortuigings en verwagtings.²²

3.2 Misdad – die euwel van ons tyd.

3.2.1 Noodtoestand?

Die omheinde kampus vertel vanaand die droewige verhaal - misdadigers het ons vasgedruk agter hoë heinings. Politieke kommentators vra die regering om 'n noodtoestand af te kondig ten einde misdaad te bekamp.²³ Hulle argumenteer asof fundamentele landsvraagstukke deur die afkondiging van 'n noodtoestand reggestel kan word. Dit is nie altyd duidelik of voorstanders van die noodtoestandgedagte volledig beseft wat die Grondwetlike en internasionale vereistes is waaraan voldoen moet word nie. Dit is om die volgende redes onmoontlik om nou 'n noodtoestand af te kondig soos destyds.

- Suid Afrika is nou 'n regstaat.²⁴ Dit vereis groter lojaliteit aan die waardes verskans in die Grondwet as aan die Parlementêre meerderheid.²⁵ Die dae van Parlementêre soewereiniteit is beëindig toe die Grondwet die hoogste reg in die land geword het.²⁶ Die regering se optrede is voorheen gerig deur die konsep *salus reipublicae suprema lex*²⁷ en die redelike verwagting dat die meerderheid in die Volksraad altyd hul optrede sal ratifiseer.
- Enige wet of optrede in stryd met die Grondwet is nou ongeldig.²⁸ Handeling van die uitvoerende gesag, ook die wat noodtoestande lei, mag onderwerp word aan judisiële hersiening.²⁹
- Dit is nou verpligtend om volkereg in ag te neem wanneer die Handves van Regte uitgelê word.³⁰
- Suid-Afrika darf nie haar internasionale verpligtinge, veral nie haar verdragsverpligtinge ignoreer nie. Om 'n gerespekteerde lid van die internasionale gemeenskap te wees, beteken ook om draer te wees van verpligtinge. Die

standaarde gestel deur die Internasionale Konvensie aangaande Burgerlike en Politieke Regte (hierna "IKBPR") asook die jurisprudensie ontwikkel deur die toesighoudende verdragsliggaam, die Internasionale Menseregtekomitee, is helder en verhewe. Hierdie standaarde het nou regsrag in Suid-Afrika.³¹ Die vorige staatkundige bedeling was nooit deel van die internasionale menseregtebestel nie en daarom nie gebonde aan die gees van van die Universele Deklarasie van Menseregte of die letter van die die IKBPR regte nie.

Die tien internasionale standaarde wat moet geld tydens noodtoestande,³² soos ontwikkel deur die bronne van die volkereg,³³ en die tersaaklike grondwetlike bepalinge³⁴, word nou oorweeg met die oog op die afkondiging van 'n moontlike noodtoestand om misdaad te bestry.

3.2.1.1 Internasionale verdragsreg³⁵ sowel as die Suid-Afrikaanse Grondwet³⁶ bepaal dat daar 'n uitsonderlike bedreiging moet wees alvorens 'n noodtoestand afgekondig kan word. Die feite moet toon dat die krisis wat die noodtoestand ontketen.³⁷

- Werklik of dreigend is;
- Uitsonderlik van aard is;
- n Effek het op die georganiseerde lewe van die nasie. Die funksionering van 'n Grondwetlike orgaan, soos die Regbank of die Parlement, of die vloei van lewensbelangrike voorrade moet gestrem word; en
- Die gewone maatreëls moet ontoereikend wees.

3.2.1.2 Die noodtoestand moet afgekondig en die tersaaklike internasionale liggame moet verwittig word.³⁸ Daar is genoegsame bewustheid aangaande Suid-Afrika se internasionale verpligtinge in amptelike kringe om te verwag dat Suid-Afrika die internasionale gemeenskap sal inlig aangaande die afkondiging van 'n noodtoestand asook die regte wat opgeskort is.

3.2.1.3 Die owerheid moet te alle tye te goeder trou optree.³⁹ Dit beteken onder andere dat alle optrede regsgeldig sal wees en ter bevordering van demokratiese oogmerke.⁴⁰

3.2.1.4 Internasionale verpligtinge moet te alle tye gerespekteer word en die krisis kan nooit gebruik word as regverdiging vir die miskenning van hierdie verpligtinge nie. Anders gestel – internasionale gewoontereg sowel as die algemene verdragsverpligtinge moet te alle tye gerespekteer word.⁴¹ Hierdie addisionele verpligtinge kom eers in spel nadat bevind is dat daar aan die gebruikelike opskortingsvereistes, dit wil sê die tien standaard onder bespreking, voldoen is.⁴² Dit is moonlik dat die noodtoestandmaatreëls 'n effek mag hê op byvoorbeeld die regte van kinders, vroue, werkers en inheemse bevolkings. Die noodmaatreëls moet dan getoets word teen die agtergrond van die relevante internasionale instrumente.

3.2.1.5 Alle noodmaatreëls moet te alle tye in verhouding staan tot die krisis.⁴³ Dit vereis 'n konstante evaluering van die omstandighede en maatreëls. Namate die omstandighede stabiliseer, moet die maatreëls verlig word.⁴⁴

Die belangrikheid van hierdie vereiste darf nie onderskat word nie. Die volgende elemente is deur internasionale moniteringstribunale ontwikkel en gee verdere gestalte aan hierdie standaard:⁴⁵

- Noodmaatreëls is slegs ter sake wanneer die gewone maatreëls van die reg en die regsgeldige beperkings wat in normale omstandighede aangebring kan word ontoereikend is om die krisis te hanteer;
- Die beoogde noodmaatreëls moet potensieel in staat wees om die krisis te oorkom;
- Die noodmaatreëls en die erns van die situasie moet in ewewig wees;
- Elke individuele maatreël moet noodsaaklik wees en in verhouding staan tot die krisis;
- Alternatiewe maatreëls, moet deurlopend oorweeg word;
- Spesiale aandag moet verleen word aan veiligheidsmaatreëls om die misbruik van mag tydens die krisis te voorkom.⁴⁶

3.2.1.6 Tydens die opskorting van menseregte mag daar nooit teen mense gediskrimineer word "uitsluitlik" op grond van ras, kleur, etniese of sosiale herkoms, geslag, godsdiens of taal nie.⁴⁷ Die afkondiging van 'n noodtoestand vir 'n bepaalde geografiese gebied (provinsie) is moontlik maar ook riskant aangesien dit die deur open vir diskriminasie teen daardie provinsie.⁴⁸

3.2.1.7 'n Paar regte moet te alle tye volledig gerespekteer word. Geen situasie kan ooit so kritiek wees dat die aantasting van hiérdie regte geoorloof sal wees nie. Die reg op lewe; om vry te wees van marteling, wrede onmenslike of vernederende behandeling; niemand mag ooit aan slawerny of knegskap onderwerp word nie en om vry te wees van diskriminasié, vorm die essensie van die groep onaantasbare regte. Die groep regte is oor die jare uitgebrei.⁴⁹ Alhoewel daar eenstemmigheid is oor die bestaan van onaantasbare regte is daar geen eenstemmigheid wat die omvang van hierdie regte moet wees nie.⁵⁰

3.2.1.8 Die opskorting van menseregte tydens 'n noodtoestand is 'n ernstige aangeleentheid. Dit is die rede waarom al die owerheidsorgane daarby betrokke is. Dit is die taak van die uitvoerende gesag,⁵¹ normaalweg die staatshoof, om die noodtoestand af te kondig met die gevolglike opskorting van menseregte, maar die verantwoordelikheid van die demokraties verkose Parlement om die voortsetting en beëindiging daarvan te bepaal.

Die Grondwet maak voorsiening vir parlementêre toesig. Die uitvoerende gesag moet die voortsetting van 'n noodtoestand tydens 'n openbare debat⁵² in die demokraties verkose Nasionale Vergadering regverdig.

3.2.1.9 Objektiewe judisiële hersiening van die afkondiging van 'n noodtoestand, die maatreëls wat tydens die noodtoestand geneem word asook enige optrede wat voortspruit uit die noodmaatreëls moet te alle tye moontlik wees.⁵³

Destyds was noodmaatreëls grootliks buite die bereik van judisiële kontrole. Die huidige Grondwetlike bepalings is in pas met internasionale standaarde en verteenwoordig 'n betekenisvolle breuk met die verlede.

3.2.1.10 Die handelinge van die burgerlike samelewing mag nie oormatig ingekort word nie. Regspraktisyns, medici, die pers en nie-regeringsorganisasies het dikwels belangrike rolle gespeel om magsvergrype te ontbloot.

Die Grondwetlike bepalings rondom noodtoestande voldoen beslis aan die internasionale standaard.⁵⁴ Kritici⁵⁵ wat meen dat die bepalings is "unfairly weighted against enforcement officials" neem nie in ag nie dat die bepalings die resultaat is van onderhandeling tussen partye wat destyds noodtoestandmaatreëls ontwikkel en toegepas het en diegene wat aan die ontvangkant van hierdie maatreëls gestaan het. Tydens hierdie onderhandelings was die futiliteit van sulke maatreëls as 'n langdurige oplossing vir staatkundige en maatskaplike probleme gemene saak. Hierdie onderhandelaars is bygestaan deur kundiges wat vertrou was met die mees resente ontwikkelings op die terrein en goed onderlê was in die volkereg en buitelandse reg.⁵⁶ Die uitkoms van hierdie onderhandelings sou dus nooit kortval van kontemporêre internasionale standaard nie. Wetstoepassers sou ook nie weer dieselfde ruimte gegun word nie.

Dit is duidelik dat die advokate vir 'n noodtoestand om misdaad te bekamp tien uiters hoë hekkies het om oor te kom. Dit is hoogs onwaarskynlik dat feite en noodmaatreëls nou opgestapel kan word om aan die tien vereistes te voldoen. Die antwoord vir die misdaadsvraagstuk moet elders gevind word.

3.2.2 Alternatiewe roetes

Die Suid Afrikaanse Regering moet voortdurend daaraan herinner word dat die misdaadsituasie in ons land 'n ernstige klad op Suid-Afrika se prestasiekaart is. Die redeloosheid van die geweldsmisdade word nie deur gunstige statistiek versag nie. Die Minister van Finansies se aankondiging tydens die mees resente begroting, dat R6,6 miljard bykomend aan die polisie en howe oor 'n tydperk van drie jaar toegestaan word is verblydend. Dit is 'n stap in die regte rigting.

Die onmiddellike uitdaging is steeds: hoe word misdaad bekamp sonder om afstand te doen van die ideaal om 'n kultuur van menseregete te bevorder?

Dit was nooit die bedoeling dat die letter van die Grondwet in staal gegiet word en geen debat daaromtrent geduld sal word nie. Die Grondwet maak voorsiening vir 'n jaarlikse hersieningsproses deur 'n gesamentlike Parlementêre komitee.⁵⁷ Langs hierdie roete word die deur geopen vir indringende debatvoering oor Grondwetlike

aangeleenthede, vir beter begrip van Grondwetlike bepalings en word ook ruimte geskep om op ordelike wyse 'n soepel Grondwet te ontwikkel wat sensitief is vir kontemporêre vraagstukke. Dit moet geskied sonder om afstand te doen van die onderliggende waardes waarop die Grondwet rus. Dit is dus van wesenlike belang dat begryp word wat die onderliggende waardes of te wel onverhandelbares is. Die onverhandelbares in die Grondwet is demokrasie; die idee van 'n regstaat; menswaardigheid en die gelykheid tussen mense. Die verhandelbares in die Grondwet en regsbedeling, gedagtig aan misdaad bekamping is: flinker en deegliker regsprosesse; strengere strawwe; strengere en veiliger aanhouding van verdagtes en veroordeeldes; deegliker polisie ondersoek⁵⁸ asook groter samewerking tussen die publiek en wetstoepassers. Die onverhandelbares en die verhandelbares darf nie in verskillende rigtings beur wanneer dit kom by die bekamping van misdaad nie.

Hierdie hersieningsproses of georganiseerde openbare debat moet benut word om te kyk watter aanpassings, indien enige, is nodig om die misdaadeuwel te oorkom. Die Parlement behoort hierdie proses nou te benut om rigting aan te dui. Regsprekers, wetstoepassers – die polisie, korrektiewe dienste, weermag, staatsaanklaers en menseregtepraktisyns moet in die forum oog-tot-oog en trompop met mekaar debatteer. Die Suid-Afrikaanse gemeenskap moet hieraan deelneem. Dit is die enigste manier hoe die vlak van die debat rondom misdaadbekamping gelig kan word. Die misdaadeuwel sal nie hokgeslaan word terwyl die skinderstorie in omloop is dat die Handves van Regte en menseregtepraktisyns struikelblokke is in die bekamping van misdaad nie. Die ervaring wêreldwyd het getoon dat die beskerming van menseregte nie altyd populêr is nie, maar dat die instandhouding van menseregte 'n voorvereiste is vir staatkundige en ekonomiese stabiliteit.

Indien toegegee word aan die oproep vir populêre kitsoplosings soos boendoe-howe, uitspattige strawwe en buitensporige magte in die hande van ondersoekbeamptes, sal emosie heers oor die verstand. Dit is die glybaan na sentralisasie van mag en magsvergrype. Elke veldslag is belangrik wanneer die regstaat verdedig word. Magsvergrype is gewoonlik kruipend en magswellus vind nie onverwags plaas nie. Gevaarlike flinker alvorens die regstaat die finale nekslag toegedien word.

John Curran se bekende uitspraak oor vryheid en waaksaamheid het lankal die toets van tyd deurstaan; "Eternal vigilance is the price of liberty".⁵⁹

4. Slot

Die bevordering van menseregte beteken onder andere dat misdadigers deur effektiewe toepassing van die reg aan die pen moet ry vir hul misdade teen die gemeenskap. Elke misdaad is immers die miskenning van iemand anders se regte. Die aantasting van die gemeenskap se vryheid deur misdadigers kan nie ongestraf gelaat word nie.

Die tyd het aangebreek om nuut te dink oor die misdaadvraagstukke in ons land.

Letlotlo le be ho Modimo.

¹ Charles Dickens *A Tale of Two Cities* 1.

² Titus DJ *The Applicability of the International Human Rights Norms to the South African Legal System* (Den Haag, 1993).

³ George Savile – Lord Halifax: Robert Andrews *The Routledge Dictionary of Quotations* (Londen, 1987), 79.

⁴ Kierkegaard S: John Bartlett *Familiar Quotations* (Londen, 1980), 552.

⁵ Verloren van Themaat JP en Wiechers M *Staatsreg* (Durban 1967).

⁶ Dicey AV *An Introduction to the Law of the Constitution* (Londen, 1959).

⁷ Artikel 9 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 1996.

⁸ Artikel 10 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 1996.

⁹ Artikel 12 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 1996.

¹⁰ Artikel 36 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 1996.

¹¹ Wessels L *Derogation of Human Rights: International Law Standards – a Comparative Study* (LLD-proefskrif, RAU 2001) 65. Vgl ook *S v Makwanyane* 1995 (6) BCLR (CC) 718-719.

¹² Wessels 64-66.

¹³ Gedingvoering rondom 'n verskeidenheid grondwetlike aangeleenthede, met dikwels verrassende uitkoms, dra by tot groter aanvaarding van die grondwetlike bedeling.

¹⁴ Du Toit DA *Menseregte* (Kaapstad, 1984) 7.

¹⁵ Dugard J *International Law – a South African Perspective* (Kaapstad, 1994) 204.

¹⁶ Vgl *S v Makwanyane* 1995 (6) BCLR (CC).

¹⁷ Beginsel 2, Aanhangsel 4, Wet 200 van 1993. Die rakleef tyd van dié beginsel was beperk maar die oogmerk is bevredigend vervat in die Hanves van Regte. Vgl *In re: Certification of the Republic of South Africa*, 1996 (10) BCLR (CC) par 43.

¹⁸ D'Amato A "The Concept of Human Rights in International Law" 1982 *CLR* 110.

¹⁹ George N Barrie "International human Rights Conventions" 1995 *TSAR* 69.

²⁰ Vgl Wessels 325-21.

²¹ Vgl die drie verslae wat die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie in terme van artikel 184(3) uitgebring het.

²² Vgl *Makwanyane* par 31.

²³ Zeldi Jongbloed 'Dis tyd vir 'n nasionale noodtoestand teen misdaad' *Rapport* 8 Augustus 1999 en Johann Rossouw 'Kondig 'n noodtoestand af teen misdaad' *Rapport* 6 Januarie 2002.

²⁴ Artikel 2 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 1996.

²⁵ Artikel 74(1) en (2) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 1996.

²⁶ Vgl Van Wyk *et al. Rights and Constitutionalism* (Kaapstad 1994) 1-5.

- ²⁷ Die veiligheid van die staat is die hoogste reg.
- ²⁸ Dit het in die huidige bedeling reeds dikwels gebeur.
- ²⁹ Artikel 37(3) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 1996.
- ³⁰ Artikel 39(1)(b) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 1996.
- ³¹ Die artikel 4 van die IKBPR het regsrag in Suid-Afrika aangesien dit ingebou is in die Grondwet asook Wet 64 van 1997.
- ³² Die terme "noodtoestand" en "opskorting van menseregte" word afwisselend gebruik.
- ³³ Vgl Wessels Hoofstuk 4.
- ³⁴ Artikel 37 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 1996.
- ³⁵ Artikel 4(1) van die IKBPR.
- ³⁶ Artikel 37(1)(a) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 1996.
- ³⁷ Vgl Wessels 193-204.
- ³⁸ Artikel 4(1) van die IKBPR.
- ³⁹ Vgl Wessels 156-7 en 323.
- ⁴⁰ Vgl Wessels 211.
- ⁴¹ Vgl artikels 37(4)(b), 232 en 233 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 1996.
- ⁴² Oraa J *Human Rights in States of Emergency* (Clarendon Press 1992) 90.
- ⁴³ Artikel 4(1), IKBPR en artikel 37(4)(a) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 1996.
- ⁴⁴ Artikel 37(4)(a) vereis dat die aantasting van regte "streng" deur die noodtoestand vereis moet word.
- ⁴⁵ Vgl Wessels 214-20.
- ⁴⁶ Dit is veral tydens die aanhouding van mense onder die noodmaatreëls wat spesiale voorsorg getref moet word. Vgl artikel 37(6)(7)(8) en Devenish GE *A Commentary on the Bill of Rights* (Durban, 1999) 566.
- ⁴⁷ Vgl Artikel 4(1) van die IKBPR en artikel 37(5) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 1996.
- ⁴⁸ Vgl artikel 1 van Wet 64 van 1997.
- ⁴⁹ Vgl Wessels 224-28.
- ⁵⁰ Onaantasbare regte word uitvoerig in artikel 37(5) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 1996 gereël.
- ⁵¹ Artikel 1 van Wet 64 van 1997
- ⁵² Artikel 37(2) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 1996. Hierdie bepaling is eie aan die Suid-Afrikaanse Grondwet.
- ⁵³ Vgl Wessels 411.
- ⁵⁴ Vgl Wessels 411.
- ⁵⁵ Vgl Palmer R "The Declaration of a State of Emergency: Section 37 of the Constitution of the Republic of South Africa. 1996" 1997 *Human Rights & Constitutional LJ* 25.
- ⁵⁶ Vgl Constitutional Assembly (<http://www.constitution.org.za.parliament.gov.za>). Constitutional Committee – SubCommittee, Draft Bill of Rights, 9 October 1995, p. 243-58.
- ⁵⁷ Artikel 45(1)(c) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 1996.
- ⁵⁸ Die bevel wat regter Siraj Desai onlangs gegee het dat 'n koeël uit die been van 'n verdagte verwyder moet word, is 'n sprekende voorbeeld hiervan. Vgl. *Cape Times* 27 Februarie 2002.
- ⁵⁹ John Philot Curran: JM and MJ Cohen *The Penguin Dictionary* (1960) 128.